**Wiskunde-induksiekursus vir MTHS111 2026 vir FNLW- en FING-studente**

**Doel van die Wiskunde-induksiekursus vir MTHS111 (WIK)**

Die hoofdoel van die WIK is om eerstejaarstudente te help om aan te pas by die hoë tempo van eerstejaar Wiskunde en om die slaagsyfer te verbeter. Om die vinnige pas en die groot hoeveelheid werk die hoof te bied, is die WIK van uiterste belang. Werk wat op skool gedoen word, word hersien en nuwe konsepte bespreek. Hierdie konsepte word gereeld deur die jaar gebruik, dus studente sal dit makliker verstaan omdat dit reeds tydens die WIK aangebied is.

Die modules MTHS111/121 (Inleidende Algebra en Analise I en II) is voorvereistes vir baie ander Wiskunde- en Toegepaste Wiskundemodules. Dit sluit studente in wat ingeskryf is vir programme wat Chemie, Fisika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, en Statistiek as modules bevat, en alle ingenieurswese studente. Hierdie studente kan maklik agter raak omdat hul studietyd met minstens een jaar verleng as hulle MTHS111/121 druip. Ingenieurswese studente en BSc studente met MTHS111, kan nie met enige tweedejaar Wiskunde- of Toegepaste Wiskundemodules voortgaan nie. Dit is dus baie belangrik dat hulle MTHS111/121 die eerste keer slaag.

**Aanbieding van die WIK**

Die WIK begin reeds nou. Dit bestaan uit ‘n werkboek wat jy gedurende die tyd tussen die matriekeksamen en die aanvang van die Registrasie- en Oriëntasieperiode (R&O-periode) van 2 tot 9 Februarie 2026 moet deurwerk, ‘n op-kampussessie tydens die R&O-periode en ‘n toets. Die WIK kos R500 en word teen einde Maart 2026 van jou NWU-rekening afgetrek. Jy benodig 'n oefeningboek van minstens 192 bladsye, 'n pen of potlood, minstens 50 ure, en toewyding om die kursus te voltooi.

Laai die werkboek af. Begin dadelik daaraan werk. Dit sal jou ongeveer 50 ure neem om dit deur te werk. Hierdie werkboek moet voltooi wees teen 1 Februarie 2026. Addisionele hulp is beskikbaar op die aanlyn platform eFundi. Sodra jy as NWU student geregistreer (https://studies.nwu.ac.za/af/studies/registrasie), kry jy toegang tot hierdie platform. Vanaf hierdie platform sal jy ook toegang kry tot ‘n KI Wiskunde tutor, MindJoy, wat jou sal help.

Hulp met die gebruik van die eFundi platform en MindJoy, sal tydens WIK-sessie in die R&O-periode gebied word. Sien die program (https://studies.nwu.ac.za/af, kies dan *Eerstejaarstudente* vanaf die *Registrasie*-skakellys), vir besonderhede rakende die sessies en tye waartydens die rekenaarlaboratoriums beskikbaar sal wees vir die gebruik van die eFundi platform en MindJoy.

Die WIK toets dra by tot jou finale punt vir MTHS111. Indien jy meer as 70% in al die afdelings van hierdie toets behaal, kan jy jou self as voldoende voorbereid vir MTHS111 beskou. ŉ Oefentoets is beskikbaar op eFundi.

Daar sal twee geleenthede wees om die toets te skryf.

- Die eerste geleentheid is tydens die eerste klasgeleentheid vir MTHS111 in die week van 11 Februarie 2026.
- Die tweede geleentheid is gedurende die vierde week van die semester.

Die beste punt sal gebruik word.

**Toegang tot eFundi**

Om toegang tot die WIK-eFundiblad te kry, moet jy die volgende doen.

- Registreer vir die module MTHS111. Indien hierdie module nie gelys is nie, kontak jou fakulteitsbeampte dringend. (https://studies.nwu.ac.za/af/studies/registrasie)
- Stel jou NWU-wagwoord en e-pos op: https://services.nwu.ac.za/ithome
- Gaan na die eFundi-webwerf https://efundi.nwu.ac.za/portal/ en teken aan met jou NWU-nommer en -wagwoord.
- Om kennisgewings vanaf die eFundi-platform te ontvang, moet jy jou NWU-e-posadres aktiveer. https://services.nwu.ac.za/information-technology/student-email

**Studente wat verplig is om die WIK te voltooi**

Studente wat toegelaat is tot die volgende programme moet die WIK voltooi.

- Fakulteit Ingenieurswese
  - Bedryfs (7CK K01 - I427P)
  - Chemies (7CG K01 - I421P)
  - Chemies en Mineraalprosessering (7CG K02 - I422P)
  - Elektries en Elektronies (7CN K01 - I423P)
  - Elektromeganies (7CL K01 - I425P)
  - Meganies (7CJ K01 - I426P)
  - Megatronies (7CR K01 - I401P)
  - Rekenaar en Elektronies (7CH K01 - I424P)
- Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
  - Aktuariële Wetenskap (2FQ H01 - N301P)
  - Bedryfsanalise (2FR H01 - N301P/V)
  - Chemie en Fisika (2FF H05 - N301P/M)
  - Chemie en Geografie (2DJ H18 - N301M)
  - Chemie en Rekenaarwetenskap (2FF H31 - N301P/M)
  - Chemie en Wiskunde (2FF H11 - N301M)
  - Elektronika en Fisika (2FF H20 - N301M)
  - Elektronika en Wiskunde (2FF H19 - N301M)
  - Finansiële Wiskunde (2FS H01 - N301P/V)
  - Fisika en Rekenaarwetenskap (2FF H25 - N301P/M)
  - Fisika en Toegepaste Wiskunde (2FF H24 - N301P/M)
  - Fisika en Wiskunde (2FF H23 - N301P/M)
  - Geografie en Toegepaste Wiskunde (2FF H30 - N301P)
  - Inligtingstegnologie en rekenaarwetenskap (2DX H01 - N302P/V) indien MTHS111 neem
  - Kwantitatiewe Risikobestuur (2FT H01 - N301P/V)
  - Rekenaarwetenskap en Ekonomie (2FF H28 - N301P/V)
  - Rekenaarwetenskap en Elektronika (2FF H17 - N301M)
  - Rekenaarwetenskap en Statistiek (2FF H26 - N301P/V)
  - Rekenaarwetenskap en Wiskunde (2FF H09 - N301P/M/V)
  - Statistiek en Wiskunde (2FG H02 - N301P/V)
  - Toegepaste Wiskunde en Chemie (2FF H13 - N301P/M)
  - Toegepaste Wiskunde en Elektronika (2FF H14 - N301M)
  - Toegepaste Wiskunde en Wiskunde (2FG H03 - N301M)
  - Wiskunde (2FG H01 - N301P)
  - Wiskunde en Ekonomie (2FF H29 - N301P/V)
- Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
  - Enige BA met Wiskunde as keusevak
- Studente deur Toelatingskantoor of Fakulteitsbestuurders aangesê om die kursus te loop met die oog op toelating.

**Kontak ons**


- Potchefstroomkampus: Mariette Hitge Mariette.Hitge@nwu.ac.za of 0182992579
- Vanderbijlparkkampus: Guy Gouaya Guy.Gouaya@nwu.ac.za or 0169103416
- Mahikengkampus: Albert.Sebole@nwu.ac.za of 0169103397